

# Die Kuns Verbonde aan Kliniese Evaluering van Studente

C. A. EKSTEEN

## OPSOMMING

Die artikel gee 'n oorsig oor die probleme wat met die evaluering van studente in die kliniese situasie ondervind word.

## ABSTRACT

This article gives a review of the problems experienced with evaluation of students in the clinical field.

Wanneer 'n groep studente in Fisioterapie afstudeer, moet die onderriginstansie rekenskap kan gee dat die graduandi onderleg is in, en oor die basiese vermoë beskik om Fisioterapie as beroep te beoefen in die wye spektrum van toepaslike gesondheidsdienste in die R.S.A. Die vraag moet beantwoord word of die graduandi die ingesteldheid het, en oor die teoretiese beginsels, prakties/klinies-, en affektiewe vaardighede beskik, om te kan bybly en voorbly by vraagstukke wat more en oormore mag opduik en opgelos moet word.

Die aanspreklike rekenskap van die onderriginstansie lê uit die aard van die saak voor die deur van die betrokke akademiese departement verantwoordelik vir die opleiding van fisioterapeute. Hierdie verantwoordelike rekenskap moet eerstens teenoor die publiek van die gemeenskap wat deur die onderriginstansie gedien word en tweedens aan die Beroep t.o.v. die handhawing van 'n wetenskaplike standaard en uitbouing van die wetenskap gegee word.

Die rekenskap aan die publiek word gekontroleer deur die Beroepsraad vir Fisioterapie wat die minimum standaard vir opleiding vasstel.

Ten einde hierdie rekenskap sinvol te kan verantwoord, behoort 'n omvattende evaluering van 'n student se beroepsvaardighede met voltooiing van die kursus gedoen te word. Dit is bekend as eindevaluering.

In hierdie artikel sal slegs die evaluering van kliniese beroepsvaardighede bespreek word. Hiermee word geïmpliseer dat die eksaminator se primêre doel sal wees om die kwaliteit van 'n student se professionele optrede tesame met die effektiwiteit waarmee hy/sy pasiënte behandel, te beoordeel.

C. A. EKSTEEN, B.Sc. Fisioterapie, T.O.D.

Hoof: Departement Fisioterapie U.O.V.S.

Beheerfisioterapeut: Bloemfontein se Kompleks van Opleidingshospitale

Die term professionele optrede sluit die student se ingesteldheid en optrede, kommunikasie teenoor pasiënte, hulle familieledes, lede van die multidisiplinêre span en medekollegas in.

Met die term "effektiwiteit" word geïmpliseer dat 'n student in staat sal wees om na aanleiding van die pasiënt se mediese en fisioterapeutiese probleme, die mees geskikte behandelingsprosedure (voorkomend, genesend en/of rehabiliterend) sal kies om die pasiënt weer in staat te stel om binne die kortste moontlike tydperk optimaal in sy sosio-ekonomiese en maatskaplike omgewing te kan funksioneer. Uit die aard van die saak moet die ondersoek (evaluering van die pasiënt) en behandelingsprosedures met die nodige veiligheid en in agneming van moontlike teenindikasies vir sekere behandelingsprosedures uitgevoer word.

Verskeie probleme word rondom die kliniese evaluering van studente geïdentifiseer. Die belangrikste word kortliks bespreek.

### 1. Die wye veld wat gedek moet word

Dit is 'n aanvaarde stelling dat Fisioterapie as wetenskap oor die totale spektrum van voorkomende, genesende en rehabilitatiewe gesondheidsdienste beoefen word. Die aard van fisioterapeutiese dienste hang verder ten nouste saam met die tipe diens wat deur 'n werkgewende instansie gelewer word, hetsy in 'n hospitaal (algemene-, psigiatriese- of spesialisasie hospitaal), skool vir serebraalgestremdes, privaat praktyk, industriële maatskappy ens. Evaluering van 'n student se vaardigheid in elke aspek van Fisioterapie is dus nie prakties moontlik nie.

Opleidingsentrums poeg tans om studente aan so 'n wyd moontlike variasie van kliniese areas bloot te stel ten einde studente in staat te stel om 'n basiese vaardigheid en professionele ingesteldheid in soveel moontlik verskillende aspekte van Fisioterapie aan te leer.

## 2. Gebrek aan betroubaarheid en standardisasie

Die basiese intellektuele, psigomotoriese (praktiese-) en affektiewe (reaktiewe- en interaktiewe persoonlike-) vaardighede wat as maatstaf vir die beoordeling van die kwaliteit van 'n student se hantering van pasiënte, en professionele optrede as potensieële fisioterapeut, moet dien, is tenspyte van baie navorsing oor die onderwerp, steeds vaag omlyn.

'n Kliniese situasie is ook nooit konstant nie omdat die pasiënt se persoonlike en fisiese reaksie voortdurend mag verander soos progressie of regressie van sy toestand plaasvind. Die verandering in 'n pasiënt se toestand bring mee dat die behandeling van die pasiënt daarby aangepas moet word. Die kombinasie van beroepsvaardighede kan dus ook verander soos wat die behandeling by 'n pasiënt se behoeftes aangepas word.

Dit bemoeilik die keuse van betroubare en gestandaardiseerde kliniese situasies waarin die verskillende kombinasies van die genoemde beroepsvaardighede geëvalueer kan word.

## 3. Die uniekheid van elke pasiënt

Elke pasiënt se fisiese en psigiese reaksie op 'n siekte-toestand, besering of kongenitale afwyking, verskil van mekaar t.o.v. variasie in die uitgebreidheid en erns van die toestand, verskille in maatskaplike en sosio-ekonomiese omstandighede. Vir elke pasiënt gaan dus spesifieke kriteria vir 'n effektiewe behandeling en die progressie daarvan, geld.

Dit lei daartoe dat:

- 3.1 die kriteria vir evaluering gaan verskil van pasiënt tot pasiënt.
- 3.2 die moeilikheidsgraad van die probleemsituasie waarop 'n student geëvalueer word, varieer van pasiënt tot pasiënt,
- 3.3 dit uiters moeilik is om probleemsituasies so te kies dat 'n verteenwoordigende beeld van 'n student se beroepsvaardighede geëvalueer kan word.

Betekenisvolle evaluering van studente vereis dat dit op 'n wetenskaplik veantwoordbare wyse moet plaasvind. Dit moet daarom aan sekere kriteria vir evaluering voldoen waarvan die belangrikste kortliks bespreek word.

## KRITERIA VIR EVALUERING

### 1. Geldigheid

Geldigheid van 'n toets word bepaal deur die mate waarin die praktiese of teoretiese toets die vaardighede "meet" wat deur die praktyk as vereiste gestel word. Dit sluit o.a. 1) inhoudsgeldigheid, 2) voorspellende geldigheid en 3) ooreenstemmende geldigheid in.

- 1.1 Inhoudsgeldigheid vereis dat die inhoud van die teoretiese of praktiese toets moet ooreenstem of verteenwoordigend wees van die totale inhoud van die onderwerp waaroor die toets handel. Inhoudsgeldigheid hang ook baie nou saam met die toepaslikheid van 'n toets, nl. dat die kriteria vir die

keuse van die situasie wat spesifieke eise aan 'n student stel, ooreenstem met die doel van die evalueringstegniek.

- 1.2 Voorspellende geldigheid is die mate waarop 'n student se optrede en vaardigheid voorspel kan word op grond van huidige toetsresultate.
- 1.3 Ooreenstemmende geldigheid dui op die mate waarin die waarde wat aan 'n student se vaardigheid in een toets toegeken word, ooreenstem met die waarde wat aan dieselfde student se vaardigheid in 'n ander toets toegeken word.

### 2. Betroubaarheid

Die belangrikse eienskappe van die betroubaarheid van 'n toets is die konsekwentheid waarmee elke item van die toets herhaaldelik dieselfde vaardigheid akkuraat "meet".

### 3. Regverdigheid

Die regverdigheid van 'n evalueringstegniek word bepaal deurdat:

- studente geëvalueer word op die werk wat hulle moes voorberei,
- studente 'n redelike tyd gegee word om 'n toetsopdrag te voltooi.
- vaardighede te evalueer wat die studente geleentheid gehad het om vooraf te bemeester,
- studente tydens punttoekenning gelyk beregtig word.

### 4. Effektiwiteit en ekonomie

Die kwaliteit van 'n evalueringstegniek moet opgeweeg word teen:

- die tyd wat dit vir 'n eksaminator neem om elke student te evalueer.
- die aantal studente,
- die omvang en hoeveelheid leerstof aan die een kant en geldigheid, betroubaarheid en regverdigheid aan die ander kant.

### 5. Noukeurigheid

'n Toets of eksamen voldoen aan die vereiste van noukeurigheid wanneer studente duidelikheid het oor die verwagtinge wat aan hulle gestel gaan word en die dosent duidelikheid het oor die korrektheid van die antwoord en die punttoekenning.

Dit sluit verder in dat die vrae en opdragte vir beide dosente en studente sinvol moet wees, dat alle komponente van onderrig- en leerontwerp deeglik in ag geneem moet word en dat onderrig en evaluering taalversorg moet plaasvind.

### 6. Standardisasie

Dit vereis dat alle evalueringstegnieke se inhoud deeglik beplan en empiries gekontroleer moet word sodat die doelwitte wat vir onderrig gestel is, met die inhoud en metode van evaluering ooreenstem. Standardisasie verhoog onder andere die betroubaarheid, regverdigheid en noukeurigheid van evaluering.

### 7. Objektiviteit

Dit is die mate waar die korrektheid van 'n antwoord nie afhang van 'n eksaminator se oordeel nie, maar van die korrektheid van die gegewens. 'n Objektiewe vraag het slegs een korrekte antwoord of handeling tot gevolg. Absolute objektiviteit is egter onmoontlik omdat elke eksaminator self besluit watter leerstof die belangrikste en watter antwoorde daarop geldig is. Objektiviteit word dus grootliks deur die eksaminator bepaal en lê derhalwe opgesluit in die eerlike konstante toepassing van die wette wat in die betrokke vakdisipline geld.

### 8. Omvangrykheid

Omvangryke evaluering verhoed dat studente selektief leer en dat 'n student se vermoë slegs m.b.t. 'n gedeelte van die kurrikulum geëvalueer word.

### 9. Kontinuiteit

Kontinuiteit tussen deurlopende evaluering (evaluering terwyl die student besig is om 'n vaardigheid aan te leer of net na afloop daarvan) en eindevaluering (evaluering aan die einde van 'n kursus/opleiding), is noodsaaklik. Deur middel van deurlopende evaluering word 'n student voorberei vir eindevaluering.

### 10. Diskriminasievermoë

'n Toets of toetsisteesem met goeie diskriminasievermoë bied die eksaminator die geleentheid om tussen die verskillende grade van individuele vermoëns te onderskei.

### 11. Balans

Die tipe leerdoelwitte wat geëvalueer word, die inhoud, tipe vrae wat gebruik word, moeilikheidsgraad, diskriminasievermoë en tydsindeling moet in balans teenoor mekaar staan. Daar moet verder balans wees tussen die aantal evalueringseleenthede en die gewig wat aan die verskillende evalueringstegnieke en evalueringseleenthede toegeken word.

Indien daar nie 'n sinvolle balans tussen evaluering en die ander komponente van onderrig of tussen die verskillende fasette van evaluering as sulks gehandhaaf word nie, vind evaluering nie doeltreffend plaas nie. In so 'n geval word die balans in die kurrikuleringsiklus versteur omdat die belang van evaluering oor- of onderbekteltoon kan word.

### 12. Sinvolle leergeleentheid

Die evalueringproses is 'n kragtige leergeleentheid indien 'n student terugvoering kry oor hoe goed of swak hulle gevaar het sowel as die redes (kriteria) vir die betrokke punt wat hulle verwerf het.

Indien evaluering nie 'n sinvolle leerervaring vir 'n student inhou nie, verloor die komponent van die onderrig-, leerontwerp die lewenskragtigheid wat dit deurgaans moet handhaaf.

### SLOT

Kliniese evaluering van studente met konstruktiewe terugvoer deur die jaar sowel as in die eindeksamen is sekerlik die kragtigste onderrigtegniek in fisioterapieopleiding. Terselfdertyd is dit 'n baie moeilike struktureerbare situasie wat daartoe lei dat 'n geweldige groot verantwoordelikheid op die skouers van die eksaminator(e) geplaas word om steeds sorg te dra dat bekwaame fisioterapeute opgelei en tot die Beroep toegelaat word.

### Bronnelys

1. Ebel RL. *Essentials of Educational Measurement*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc., 1979.
2. Guilbert JJ. *Educational Handbook of Health Personnel*. World Health Organization, 1977.
3. Lindenman RH & Merenda PF. *Educational Measurement*. Glenview, Illinois: Scott, Foresman and Co., 1979.
4. McGuire CH. Assessment of Problem-solving Skills. In: *Medical Teacher*, Vol. 2, No. 2., 74-79, 1980.
5. McGuire CH. Assessment of Problem-solving Skills. In: *Medical Teacher*, Vol. 2, No. 3, 119-121, 1980.
6. Morgan MK & Irby D. *Evaluating Clinical Competence in the Health Professions*. Missouri: The C. V. Mosby Company, 1978.
7. Popham WJ. *Educational Evaluation*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc., 1975.

## PHYSIOTHERAPISTS — LOOK SMART!

SHOULDER FLASHES  
at 30 cents a pair  
are available from  
the S.A.S.P. office



Send cash with order to  
The Gen. Secretary, S.A.S.P.  
P.O. Box 47238, Parklands  
2121 Johannesburg